HOËRSKOOL
# BREDASDORP
HIGH SCHOOL

**Nuusbrief Newsletter**

10 | 2026
10 |04 | 2026

## BELANGRIKE DATUMS

Sat. 18 April: Sportdag vs HS Robertson (tuis)
So. 19 – Di. 21 April: Gr 11 Kringe in 'n Bos-toer
Di. 21 April: Netbal: Overberg proewe
Wo. 11 April: Landloop Liga 2
Do. 23 April: Wiskunde UCT Olimpiade (Kaapstad)
Vry. 24 April: Hokkie vs HS Hermanus (weg)
Sat, 25 April Sportdag vs HS Hermanus (tuis)

## GELUKKIGE VERJAARSDAG

**APRIL**
Vr, 10 April: Rachel Vrettas
Do. 16 April: Soretha Kotzé
Do 30 April: Andries Swart

### TOTSIENS, MNR PIETERSE

Ons Kringbestuurder, mnr Joaniel Pieterse, het aan die einde van verlede kwartaal afgetree. Me Cibella van Geems (skoolhoof van De Heide Primêr) is tans waarnemende kringbestuurder. Ons is baie dankbaar vir haar bereidwilligheid om in mnr Pieterse se plek waar te neem en wens haar sterkte toe met hierdie besige en belangrike taak.

Ons sal mnr Pieterse se opregte betrokkenheid by ons skool mis, maar gun hom 'n welverdiende, gelukkige aftrede.
Op die foto tydens mnr Pieterse se afskeidsfunksie is vlnr: Mnr Christopher van Niekerk (adjunkhoof), mnr Müller Retief (skoolhoof), mnr Joaniel Pieterse (kringbestuurder), me Louise Wessels (Voorsitter Beheerliggaam), me Marlene Fraser (adjunkhoof Laerskool Bredasdorp)
(Die laerskool se skoolhoof en BL-voorsitter kon nie die funksie bywoon nie.)



## KULTUUR

### GRAAD 12's BELEEF MAP IN ARTSCAPE

Watter unieke teaterervaring was dit nie vir die gr12 Afrikaanse Huistaalleerders toe hul op 10 April die voorreg gehad het om hul voorgeskrewe drama by die Artscape teater in Kaaptad op die planke te sien nie. Adam Small se Krismis van Map Jacobs speel af in die sestigerjare tydens die gedwonge verskuiwings uit Distrik Ses na die Kaapse Vlakte. Sosiale kwessies soos armoede, werkloosheid en bendegeweld wat steeds aktueel is, word aangespreek in dié protesdrama.Dit gee 'n insig op die leefwyse van die ontworteldes van hierdie greep uit Suid-Afrika se geskiedenis - hulle lief en leed. Die desperate hunkering na 'n beter bestaan en die soeke na 'n eie identiteit en vergifnis, vorm ook deel van die deurlopende tema. Die BD's het dit besonder baie geniet en hulle gedrag was puik.



Zoe October en Casey-Leigh Moses by die aktrise wat die rol van Auntie Maud vertolk het in die besonderse verhoogstuk.



Die groep gr 12 Huistaal-leerders wat die produksie van Map Jacobs bygewoon het saam met hul Afrikaanse opvoeders mee L van Schalkwyk (voor) en me N van der Walt (heel regs)



Philip Fick, onderhoofseun, het tydens klasvoorlesings die rol van Mr Cavernelis uitstekend vertolk. Dit was dus inderdaad 'n lekkerte om die eintlike akteur na sy teateroptrede te ontmoet.



## GEMEENSKAPSBETROKKENHEID

**HEUNINGBERG NATUURTUIN PROJEK**

Op Saterdag, 28 Maart, het vier ywerige graad 8's, tydens hul vakansie, saam met mev Knox in die Heuningberg Natuurreservaat aan Bredasdorp se eie 'hangende tuine' gaan werk. Die hervestiging van die tuin is 'n gedeelde projek van Bredasdorp Erfenisvereninging en die Botaniese Vereniging se Suidelike Overberg-tak.
Ons skool het ons eie terrasbedding waarvoor ons verantwoordelik is. Die kinders het gewoeker om dooie plante te verwyder en suurvy-steggies al om die terrasbeddings te plant. Hulle het ook foto's geneem van die plante wat na die vernietegende brande van verlede jaar, weer opkom. Die idee is om 'n foto-joernaal te hou van die herstel van die plantegroei na die brande asook die verwydering van indringerplante sodat die endemiese plantegroei weer welig kan oorneem.

Op die foto vlnr: Hailey Isaacs, Matthew Bantjies, Reneeva Afrika en Gabriela Dick



## OUD-BD's MAAK ONS TROTS

Vier oud-BD's wat hul kursusse *Cum Laude* geslaag het terwyl hulle met Helpmekaar studielenings studeer het, is verlede naweek deur die Helpmekaar Studieleningsfonds vereer. Ons is veral breëbors omdat ons die skool is met die meeste prestasies! Mag hulle nog tot groot hoogtes in hul onderskeie loopbane vorder. Baie geluk oud-BD's!

Vlnr: Annake Gouws (chef-kursus), Kyla Diedericks (née Neethling)(NGOS),Tiaan van Niekerk (top 4 Prestige-toekenning vir sy M-graad in Chemie) en Simón Jordaan (medies). Simón kon ongelukkig nie die prysuitdeling bywoon nie, aangesien sy tans besig is met haar praktiese opleiding in Durban.


Simón Jordaan

**ATKV-Raad besoek Elim Tehuis**

Die ATKV-Raad het die voorreg gehad om die Elim Tehuis te besoek – 'n tuiste vir 51 gestremde inwoners, wat wissel van jong kinders tot volwassenes. Hierdie besoek was nie net 'n uitreikaksie nie, maar 'n ervaring wat elkeen van ons diep geraak het.

Met ons aankoms is ons vriendelik ontvang en op 'n toer deur die fasiliteit geneem. Dit het ons 'n waardevolle insig gegee in die daaglikse versorging, roetine, uitdagings en toewyding wat nodig is om na elke inwoner om te sien.

Die hoogtepunt van die dag was egter die tyd wat ons saam met die inwoners deurgebring het. Daar is gesing, gedans, geverf, ingekleur en gelag – oomblikke van opregte vreugde wat geen woorde heeltemal kan vasvang nie.

Hierdie besoek het ons herinner aan die krag van menslikheid, omgee en teenwoordigheid. Soms is dit juis die klein gebare wat die grootste verskil maak.



VLNR: Hope Marais (ondervoorsitter), Casey-Leigh Moses, Zoé October, Sylvia De la fontaine, Palesa Namise, Denica Chikukutu, Evah Marais (voorsitter), Aliah Lyons, Carla Mitchell en juf. Diedericks (voog)

**ATLETIEK: SA SKOLE ATLETIEKKAMPIOENSKAPPE**
Uitgestel tot einde April in Pretoria

# SPORT GEDURENDE VAKANSIE

## RUGBY

**VREDENDAL o.15-RUGBYTOERNOOI**
Groot was die opwinding toe die **ARNISTON HOTEL & SPA** o.15-span die pad na Vredendal aanpak. Daar was heelpad ‘n buzz in die bus en daar is beslis nie aan slaap gedink nie.

Die eerste wedstryd was teen Augsburg Landbougimnasium. Hulle het oorheers met hul groot voorspelers en wen die wedstryd 26-12.
<u>Puntemakers</u>
Drieë: Stian du Plessis, Gervinnio Stuart
Doelskop: Leighton Phillips

Die manne het die teleurstelling afgeskud, hul koppe opgetel, en kookwater rugby gespeel. Ons wen Lutzville 68-0.
<u>Puntemakers</u>
Drieë: Lee-Won Rossouw, Gervinnio Stuart (3), Jean Couter (1), Isaac Kasongo, Caleb Davids, Eslaam Wilskut
Gervinnio Stuart het al 9 drieë verdoel.

Baie dankie aan die afrigters mnre Thys Kriel, Marius van der Vyver en Brian Vermeulen wat die rugbyspelers vergesel het.
Dit was ‘n heerlike toer met baie opwinding. Ons het mekaar beter leer ken en sien uit na die 2026-seisoen.



KWARTAALTEMA
Wees ‘n volgeling




## NETBAL

**<u>PAARL GIMNASIUM NETBALTOERNOOI UITSLAE</u>:**

Die **ROLA** o.19A-netbalspan het gedurende die vakansie aan die Paarl Gimnasium Netbaltoernooi deelgeneem en uitstekende uitslae behaal. Sewe wedstryde is gespeel waarvan hulle 6 gewen het. Julle verdien ‘n handeklap!

| **DAG 1** | **DAG 2** |
|---|---|
| 1. Wen vs St Cyprians 48 - 1<br>2. Verloor teen Paarl Gim B1 16 - 20<br>3. Wen Girls High B 19 - 17 | 1. Wen Oos-Kus Gimnasuim 19-18<br>2. Wen Paarl Gim B2 23-18<br>3. Wen Brandwag 15-10 |
| **DAG 3** | |
| . Wen HS Lutzville 11-10 | |



## OAKDALE RUGBYTOERNOOI

Die **Overberg Wealth & Risk Management** o.19A-rugbyspan het vanaf 27 Maart tot 1 April aan die Oakdale Rugbyweek deelgeneem. Dit is die 45ste bestaansjaar van die Oakdale Rugbytoernooi. Drie wedstryde is oor 5 dae gespeel. Die seuns het hulself geniet en die afrigters baie trots gemaak met hul gedrag en dissipline op en vanaf die veld.
Baie dankie aan die borge van ons rugbyklere vir die seisoen. Die rugbyspelers het dit met trots gedra.
Baie dankie ook aan die onderwysers wat die seuns vergesel het: Mnre Rossouw, Van Niekerk, Brooks, Nieuwoudt. ‘n Groot dankie ook aan dr Isaac Pretorius wat daar was om te help met beserings.
Die seuns het baie gegroei in hul spel, baie van hulself en by mekaar geleer en sien baie uit na die rugbyseisoen wat hierdie kwartaal begin.

**Die uitslae was as volg:**
**vs Augsburg Landbougimnasium: verloor 14 - 26**
<u>Puntemakers</u>
Drieë: Bjorn Baardman, Nkanyiso Matrose
Doelskoppe: Whalied Fortune (2)

**vs HS Labori: gelykop 24 elk**
<u>Puntemakers</u>
Drieë: Conrad Bothma, Peter Carstens, Whalied Fortune, Hugo Pretorius
Doelskoppe: Whalied Fortune (2)

**vs Langenhoven Gimnasium van Oudsthoorn: verloor 12 - 40**
<u>Punte makers</u>
Drieë: Llewellyn Gabriels,Hugo Pretorius
Doelskop: Whalied Fortune

## FIETSRY



**WP LIGA WEDREN**
André Smit, gr 11, het op 29 Maart in Simonstad aan die WP Ligawedren vir o.19 junior seuns deelgeneem en die 11de plek verower. Hy het 3 rondtes van 29 km gery. Baie geluk, André.

André het daarna op 12 April aan die WP Liga-resies op die Killarney resiesbaan deelgeneem waar hy 19 rondtes voltooi het in ‘n tyd van 1 uur 28 minute. Die totale afstand voltooi: 62km. André, jou deursettingsvermoë is opmerklik en maak ons trots. Aanhou trap, André!

## HOKKIE

**Charlie's Hokkiefees (27-30 Maart 2026, Ceres)**
29 BD-hokkiespelers het gedurende die vakansie aan Hoërskool Charlie Hofmeyr se hokkiefees deelgeneem Die dogters het teen 3 skole en die seuns teen 5 skole onderskeidelik meegeding.
Die uitslae is as volg:

**SEUNS**
vs HS Swartland: gelyk 1-1. Doel: Rickus Badenhorst
vs Reddam House: verloor 1-3. Doel: Rickus Badenhorst
vs HS Charlie Hofmeyr: verloor 0-6
vs HS Labori: verloor 1-2. Doel: Brent Sinani
vs HS Montana: wen 3-0. Doele: Nathan Katiyo (2), Panashe Nyikayaramba
vs HS Labori (dag 4): verloor 1-3. Doel: Brent Sinani
vs HS Montana (dag 4): wen 3-0. Doele: Nathan Katiyo, Panashe Niyikayaramba, Brent Sinani

**DOGTERS**
vs HS La Rochelle: verloor 0-10
vs Reddam House: verloor 0-3
vs HS Charlie Hofmeyr: verloor 0-8
vs Reddam House (dag 4): verloor 0-1

Die toer was goeie voorbereiding vir die komende hokkieseisoen. Ons glo die spelers het baie geleer en sal dit in hul eie spel kan toepas.

Baie dankie aan die betrokke BD-ouers, die donateurs en die afrigters wie se bydraes en betrokkenheid by ons spelers deelname aan hierdie toer verseker het.

 

**Hokkiespelers by Charlie Hofmeyr Hokkietoernooi**

## UNDERWATER HOCKEY

The following BDs who represented Boland at the National Championship of 26 to 28 March achieved medals:

**GOLD (1st Place)**
Girls u.19: Leslie-Ann Janse van Rensburg
Gite-Mari Malherbe
Clara de Jager
Lianie Treurnicht
Marike de Wet
Boys u.16: Markus van der Walt

**BRONZE (3rd Place)**
Men u.19: Hugo Pretorius
Jan-Carel Lochner
Philip Fick
Hugo Bester
Stefan Swart

Congratulations!

We are very proud of every Underwater Hockey BD who participated. The other participants were: Dayton-Lee Hartnick, Jan-Joubert Willemse, Blake Edwards, Luke Giliomee, Liam Haack, Dirk Uys, Gyan Gertse (u.16B captain) and Jessica Burger (u.19B vice-captain)

## LANDLOOP

**UITSLAE LIGA 1: LAERSKOOL OVERBERG, 15 APRIL 2026**

Ons landloopspan het baie goed gevaar op die uitdagende roete wat vir die eerste liga van die landlope-seisoen uitgesit is. Die resultate is as volg:

Seuns 14:
9de Christiaan Bester
10de Lihan Nelson

Seuns 15:
1ste Indran Plaatjies
2de Zac de Jager
11de Caiden Vyver

Seuns 17:
5de Jan-Carel Lochner

Seuns 19:
2de Shauwon Jonas



# SPORTUITSLAE: HS BELLVILLE SPORTDAG, 11 APRIL 2026

## NETBAL

14A vs HS Jan van Riebeeck
Verloor 1-2
14A vs HS Bellville
Verloor 8-11
14A vs HS Brackenfell
Verloor 4-5

15A vs HS Bosmansdam
Wen 15-5
15A vs HS Tygerberg
Verloor 6-16
15A vs HS Jan van Riebeeck
Verloor 2-15
15A vs HS Hopefield
Wen 17-7

16A vs Jan van Riebeeck
Wen 17-6
16A vs Brackenfell
Verloor 2-13
16A vs Bellville
Verloor 11-17
16A vs Swellendam
Wen 16-3

19A vs Stellenberg
Verloor 12-30
19A vs Hopefield
Verloor 18-20
19A vs Tygerberg
Verloor 20-23
19A vs Melkbosstrand
Gelykop 23-23


O.16A-SPAN

Vlnr: Lisa Bredell, Chumani Penxa, Marike de Wet, Zukhanye Gantsa, Melissa Saayman, Logan Gertze, Danike Fourie, Lee-Ché Sauls, Jordan-Lee Cooper

KWARTAALTEMA
Wees 'n volgeling

## RUGBY

**ARRIE NEL APTEEK** o.15-B-span wen Whistling Wheels (skole klubrugby) 22-5

Drieë: Maans von Wielligh,Brian Bauer (2), Daniël Pontiac
Doelskop: Lee Won Rossouw

**ARNISTON HOTEL & SPA** o.15 A-span wen Jan v Riebeeck 46-21

Drieë : Marthiens Labuschagne (3), Caleb Davids, Jean Couter, Gervinnio Stuart, Johannes v Zyl, Stian du Plessis,
Doelskoppe: Leighton Phillips (3)

Baie geluk aan die o.15 rugbyspanne. Dankie vir jul mooi gedrag.


o.15B

**Overberg Wealth & Risk Management o.19A** wen Whistling Wheels (skole klubrugby) 53 - 7

Drieë: Conrad Bothma (3), Whalied Fortune (2), Urlinn Henecke (2), Bjorn Baardman, Brady-Lee Mintoor
Doelskoppe: Whalied Fortune (2), Urlinn Henecke (2)

**Rola o.16A** vs HS Tygerberg verloor 0-24


o.15A

## GEVEGSKUNS

Ons is verheug om te hoor dat Tiaan Scheepers, gr 11, opgeneem is in die Wes-Kaap provinsiale karatespan wat vanaf 29 April tot 3 Mei, in Gqeberha, aan die WKUF SA Nasionale Karate Kampioenskappe gaan deelneem. Meer as 'n 1000 plaaslike en internasionale deelnemers sal daar in aksie wees. Tiaan, ons hou duime vas vir goeie uitslae en glo jy sal die interaksie met ander karateka geniet.

## HOKKIE GESINSAAND & KLINIEK

'n Hokkie Gesinsaand is op Vrydag, 10 April in die skoolsaal gehou. Ouers, afrigters en leerders het heerlik saam gekuier. Die spanne en hul afrigters is bekendgestel, waarna die hokkiegedragskode uiteengesit en deur die leerders en ouers onderteken is. Ons sien uit na 'n vol en opwindende hokkieseisoen!

Op 11 April is 'n hokkiekliniek vir HSB se spelers aangebied. Spelers van o.14 tot o.19 het dit bygewoon. Die kliniek is aangebied deur me. Ammie Uys en twee van haar afrigters, met die fokus op elke speler se individuele vaardighede.

Ons glo dat elke speler wat die kliniek bygewoon het, groot waarde daaruit geput het. Sterkte met die seisoen wat voorlê!








## ADVERTENSIEBORD




Hoërskool Bredasdorp se advertensiebord by die silo's is omgedraai sodat verkeer vanaf Swellendam se rigting die bord dadelik kan sien en bewus sal raak van besighede wat daarop adverteer. Indien u sou belangstel om u besigheid te adverteer, is u welkom om vir mnr Thys Kriel by borge@hsbredasdorp.co.za of by 082 927 0421 te kontak.







Baie dankie aan **ROUX Lewende hawe & Vervoer** en **VILLET EN DE WET INC** wie se advertensieborde onlangs langs ons rugbyveld opgerig is. Ons waardeer jul borgskap en betrokkenheid by HSB.

Indien u belangstel om 'n bord te borg, kontak asseblief ons borgekoördineerder, mnr Thys Kriel, by 082 927 0421. / If you are interested in sponsoring a billboard, please contact our sponsor co-ordinator Mr Thys Kriel at 082 927 0421.

TERM THEME
Be a follower

Hoërskool Bredasdorp
VISIE 2026
Sukses deur Toewyding

Bredasdorp High School
VISION 2026
Success through Dedication







